DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**25 Oktober 2020**

## Tema 2020 - VISIE 20/20


**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Lukas 7: 1-10 (Vgl Matteus 8: 5-13 , Johannes 4: 43-54)

**Tema** Kerk is om God se lof te leef

**Fokusteks** Lukas 7: 9

**Sang** Psalm 107: 1, 10
Skrifberyming 14-2
Psalm 99: 4, 5
Skrifberyming 10-2



Ons Here het 503 jaar gelede ‘n terugkeer na Sy woord gewerk na ‘n lang tyd van kerklike verval. Ons gedenk dit vandag met groot dankbaarheid. Daar het vinnig 5 sake van belang na vore getree tydens die Reformasie. Vandag staan dit bekend as die 5 Solas – Sola Scriptura, Sola gratia, Sola fide, Sola Christus, Soli Deo gloria. Die Skrif alleen, genade alleen, geloof alleen, Christus alleen en aan God alleen die heerlikheid. Hierdie jaar was daar ook ‘n groot omwenteling in ons kerklike lewe. Ons eredienste en ander aktiwiteite is ontwrig deur die wêreldwye pandemie. Ons moes as Kerke nuut dink en doen.

Toe Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het, het hy die hart van die Evangelie van Jesus Christus opnuut beklemtoon. Dit is ‘n boodskap vir alle Christene, ‘n boodskap wat oor alle grense van tyd, streek, land, verdeeldheid, rassespanning, liefdeloosheid en haat strek. Lukas beklemtoon juis die saak in sy beskrywing van Jesus se lewe en werk. Die kernboodskap van die reformasie was ingrypend en dit is gebou op die waarheid van God se Woord. Die vreugde van die gelowige is in die Here. Jou verhouding met God bepaal jou verhouding met jou medemens.

Ons lees twee keer van Jesus wat praat oor ‘n groot geloof by mense. Hy praat elke keer van ‘n heiden. Die Kanaänitiese vrou en ‘n Hekatontarg – Hoofman/Centurion oor 100 soldate. Die vrou se dogter is in die mag van ‘n demoon en die offisier se slaaf is besig om te sterf. Die vrou kom na Jesus en smeek Hom om hulp. Die Romein ken nie vir Jesus nie, maar vra Joodse kennisse wat familiehoofde was. Hulle was gemeenskapsleiers of dan senior lede van die samelewing. Die oudstes stem in om die heiden te help. Hy het die Jode so lief dat hy vir hulle ‘n sinagoge op eie koste gebou het. Hy was ‘n man van deernis, iemand wat goed doen aan ander.

Hulle stel dit aan Jesus: hierdie man is dit werd om gehelp te word. Die Griekse woord wat die oudstes gebruik, beteken: om te weeg, om te balanseer of om in ewewig te bring. Hierdie man is deur die Jode geweeg en is nie te lig bevind nie. Sy versoek het meriete. Hulle het sy deugde opgeweeg en dit op hulle skaal gebalanseer om na Jesus met die versoek te kom. En Jesus volg hulle. Sonder enige kommentaar stap hy na die offisier se huis. En terwyl Hy stap kom ‘n volgende afvaardiging die Here tegemoet met die versoek om nie verder moeite te doen nie, want hy is dit nie werd om die Here in sy huis te laat inkom nie. Die Griekse woord van die Romein verskil van die eerste en beteken: om opgewasse te wees, om groot genoeg te wees of om geskik te wees.

Die Romein erken dat hy te klein en te nietig is om in die tenwoordigheid van die Here te wees. Ek is onwaardig en te sondig. Hy ontdek sy eie sonde. Hy bely God se Almag: Praat net en ek weet dit sal gebeur. Gestroop van enige waarde voor God weet hy dat alles net genade is. Die Here kan alles doen. Hy genees deur woorde. En dit is ‘n ware geloof: kennis en vertroue. Antw 21 van die HK.

Kennis gebou op God se openbaring, vertroue op God se Almag as enigste ware God wat die Heilige Gees in jou hart werk. Hierteenoor staan die manier van die Fariseërs en later die Pous en die Roomse Kerk in skrille kontras. Hulle het hulleself geweeg en gedink dat hulle baie waarde voor die Here het. Hulle goeie werke was hulle paspoort na die ewige lewe. Hulle tradisies het guns voor God verdien. In hulle eie oë was hulle waardig en dit werd om kinders van God genoem te word. Die Pous was die verteenwoordiger van Christus op aarde. Ons Kerkvaders formuleer die antwoord so mooi: dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit loutere genade slegs op grond van Christus se verdienste vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.

Die opregte gelowige ken genade, want ons het geen waarde in onsself nie. Ons is in onsself totaal verlore. Ons waarde is in Christus. Hy het Homself van die hemelse heerlikheid gestroop om na die wêreld te kom. Hy het aan mense gelyk geword. Hy hang in ons plek aan ‘n vervloekte kruis om volledig versoening te bewerk. Daarom het ons vandag ‘n dankdag om aan God alleen die eer te bring.

Reformasie is om vraag 22 van die HK te hoor en seker te maak dat ons dit ken: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer. Ons belydenis wat leer dat God die Skepper, Verlosser en Herskepper is, dat die Bybel die enigste waarheid is en dat daar geen heiliges is nie, net begenadigdes. Dat ons een God aanbid wat Homself openbaar as Vader, Seun en Heilige Gees. Die belydenis dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, geen mens nie. Die belydenis dat niks in of van die wêreld ons kan verlos of ons toekoms kan bepaal nie. Alles is in God se hande en word deur Hom op koers gehou na die wederkoms van Jesus Christus.


Sk 12 – 3: 1 en 2 wat die beryming is van die NGB art 1, klink so: Enigste Here, enkele Wese, ons glo in U met ons hele hart. Heerlik bely ons, vry uit getuig ons: U is vir ewig God en Heer. U onbegryplik, U is onsienlik, altyd dieselfde, oneindig groot. U is almagtig, wys en regverdig – U is die bron van alle goed.

Die Reformasie het die landskap van die wêreld verander. Ons word geroep om te meet, onsself te meet aan God se Woord. Mag die Here in Sy troue liefde en genade aan ons die geloofsmoed en durf gee om die verandering in ons verhouding met Hom, uit te leef deur Skrifgetrou te bly. Mag die Here ons as Gereformeerde kerke bewaar om deur die geloof alleen in Christus se Naam alleen aan God die eer te gee en elke dag te bring.

Ons het baie uitdagings wat ons in die gesig staar. Ons grootste roeping is om Christus se genade aan ongelowiges te bring, sodat hulle die liefde van God kan ken en voor Hom alleen sal buig. Mag die Here ons elke dag bewaar teen die aanslag van die Bose en dat Hy ons in die geloof sal bewaar om aan Hom altyd getrou te bly.

## ALMANAK 2021

Almanak 2021 is nou beskikbaar vir bestelling. Skryf nou jou naam op die kennisgewingbord vir bestelling. Almanak 2021 se kostes is R100.00




## OOG VIR MEKAAR



* Ons is dankbaar saam met Gerhard en Martie Maritz dat dit goed gaan en dat daar geen nuwe kanker is nie. Ons bly vir julle bid.
* Ons bid vir Johan en Annemarie van Biljon in die hersteltyd na die operasie. Mag die Here julle vashou en elke dag krag gee.
* Ons bid vir die matrikulante wat besig is om eksamen te skryf. Baie seën met die leer as dit so warm is.
* Ons bid vir die boere wat baie skade gely het toe plase afgebrand het en aan diegene wat deur die droogte getref is. U kan ‘n bydrae tot hulpverlening aan die Diakonie gee. Die Diakonie betaal die bedrag oor aan die SDDS wat bystand gee aan gemeentes waar daar nood is (Sinodale Deputate vir Diakonale sake).

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **25 Oktober** | **Kollektes** | **By deure:** | Diakonalesorg. |
| **27 Oktober** | **09:30** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **28 Oktober** | **18:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |

## DIAKONIE

Die diakonie vra dringend hulp vir droë voorraad om in die gemeente te kan help. Kontant bydraes is ook baie welkom. U kan dit by die kerkkantoor afgee.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat Ds. Sarel se preke nou op YouTube beskikbaar is en om 09:30 elke Sondag "ge-live Stream" word . Gemeentelede kan nou die erediens op hulle slimfoon, tablet of rekenaar volg.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak, om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sidanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met br. Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So 25 Okt | Kruger Oosthuizen | D | 082 488 7577 |
| Ma 26 Okt | Madeleen Korff | B | 074 178 3038 |
| Di 27 Okt | Sheryl Van Der Merwe | B | 082 475 7667 |
| Wo 28 Okt | Nelmarie Venter | B | 082 752 1637 |
| Vr 30 Okt | Heleen Du Plessis<br>Simoné Jongbloed<br>***Evelyn Vorster **** | B<br>B<br>B | 082 933 5360<br>084 511 3831<br>084 864 9899 |
| Sa 31 Okt | Johan Du Plessis<br>Daleen Hoogendyk | B<br>B | 072 744 3300<br>084 298 8927 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 28 Okt 1989 | Rudolf en Anita Korff | 31 | 083 301 9043<br>083 301 9044 |
| 29 Okt 1977 | Hennie en Patty Pelser | 43 | 072 376 8967<br>072 376 8931 |
| 29 Okt 1960 | Hannes en Petra Van Der Walt | 60 | 084 602 4057 |
| 30 Okt 1965 | Gert en Bettie Olivier | 55 | 083 305 9664<br>083 275 9062 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen.  Sien bankbesonderhede hierbo

*Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor. Hy draai toe om  na die mense wat agter Hom aangekom het en sê : "Ek sê vir julle: In Israel het Ek nie so 'n groot geloof teëgekom nie."*

*Lukas 7:9*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS